durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

1 - 16 Februarie 2024

4 Februarie 2024, DOOP

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens (Grasperk)**
Chaldin Bezuidenhout

Deuroffer: Gemeenteondersteuning

11 Februarie 2024, Biddag opvoeding en onderwys 1ste LYDENSWEEK

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens (Ouditorium)**
Dian Keyter

Deuroffer: Studentebearbeiding

18 Februarie 2024, 2de LYDENSWEEK

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens (Ouditorium)**
Arno Mattheus

Deuroffer: Hospivision

25 Februarie 2024, NAGMAAL 3de LYDENSWEEK

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo
Glow Kidz (Ouditorium)
Saam met ouers

18:00 **@6 Diens (Ouditorium)**
Arno Mattheus
Nooi jou ouers saam.

Deuroffer: Instituut vir Dowes

GEBEURE OORSIG:

7 Febr: Huweliksvoorbereidingkursus
9 Febr: Gebedsoggend (Kerk)
Gr. 7 aand & Belydeniskuier
13 Febr: Lewensverrykingskursus
Veritas Bybesklool afskop
14 Febr: Aswoensdag
15 Febr: Senior Hulpwerkers
16 Febr: Gebedsoggend (Graanendal)
TGIF Mannekonferensie
19 Febr: Kerkraadsvergadering
20 Febr: Doopkategese
22 Febr: Identiteit in Christus kursus
28 Febr: 18:30 Nuwe lidmate funksie
29 Febr: Senior Byeenkoms

Gister het 'n groep lidmate heerlik gaan stap op Phisantekraal plaas net buite Durbanville.

Ons sê dankie en Erhard en Linette Louw dat hulle die prag met ons almal deel. Vroeg oggend het almal bymekaar gekom om die buitelug te geniet as familie en vriende.

Die sonsopkoms was pragtig gewees en herinner ons aan die EEN wat alles gemaak het.

Die gebedspunte het ons laat dink en stilword. 'n Goeie gees het geheers.

Bok (Martin) Slabber is besig om die Loeriesfontein uitreik, wat beplan word vir 29 Junie - 7 Julie, te bemark. Hierdie is 'n familievriendelike lidmaatuitreik. Die wat graag wil saamgaan kan hom kontak by 0849101505.

KLEINGROEPE

Soms skrik dit mense af om verbind te wees aan 'n groep, maar by Bergsig kan jy behoort aan 'n kleingroep en dit later verlaat as jou omstandighede verander - sonder om sleg te voel.

Wanneer jy deel word van 'n groep en dit eers wil probeer, kan jy reg aan die begin sê julle probeer dit vir 'n spesifieke tydperk (bv. 1 maand). Dit maak dit vir jouself makliker om dan te bly of weer jou weg te vind as dit nie uitwerk nie. Waag die jaar en word deel.

Vanuit die Uitreikkantoor ...

Die 2 boeties - Janru en Wessel Steenkamp bemark die Msinga uitreik wat 15-28 Junie vanjaar plaasvind. Tieners is veral welkom by die uitreik.

MES se Mr Price uitstappie

MES bedien die haweloses in Durbanville en Bergsig Gemeente (saam met baie ander) ondersteun hulle hiermee. Die groep op die foto wat deel is van die rehabilitasieprogram kon onlangs op 'n uitstappie gaan om vir hulle self klere uit te kies.

HOE GEE ONS VERANTWOORDELIK?

Dit is beter om instansies soos MES te ondersteun en nie direk geld in die hand van 'n hawelose te sit nie. Geld in die hand beteken jy onderhou die persoon om op straat te bly. Koop eerder die MES eet koepons (by kerk/Spar) en gee dit uit as geld.

KLIMRAAM BESKIKBAAR

Die persone wat die klimraam het, wil dit ten bate van UITREIKE weggee.
Jy kan dit dus kry **(gaan uithaal en oplaai)** in ruil vir 'n donasie wat na die uitreikbediening gaan.
Daar is twee swaaie (1 swaai effens stukkend), "monkey bars" en 'n glyplank.
Bel Bok of Melanie Slabber
0845929353

BETROUBARE HUISHULP

Beskikbaar vir werk op Dinsdae en Donderdae.

Goeie verwysing beskikbaar.

Bel Christa 060 476 9893
(Xhosa sprekend - kan Engels skryf en praat)

HUWELIKSVOORBEREIDING

7 Feb 2024 - 18:30 – 20-30
Aanbieder: Ds. Leon Tait

Julle gaan binne die volgende ses maande trou!!! Watter gevoelens maak die onderstaande sin in jou wakker?
Belowe dit dan hardop: "Voor God en sy gemeente beloof ek liefde en trou vir altyd en in alle omstandighede aan my bruid / bruidegom."

Kom gesels saam met ander verloofde paartjies oor wat om te verwag as die ring aan die vinger is en die honeymoon verby is.

Ds Leon Tait bied op 7 en 21 Februarie om 18:30 – 20:30 'n Huwelikvoorbereidingskursus aan by Bergsig kerk teen R50 'n paartjie.

Kontak vir Liezl Loubser by die kerk 021-9764106 of epos versorging@bergsigdv.co.za om te registreer.

Lewensverryking

13 Feb 2024 - 9:00 – 11:00
Aanbieder: Ds. Leon Tait

Lewensverrykings Kursus 13 & 27 Februarie 2024 by Bergsig Kerk van 9:00 – 11:00

Ds Leon Tait bied weer die Lewensverrykings kursus aan teen R50.00 per persoon. Tydens die kursus gaan daar tyd wees vir algemene gesprekke en jy gaan baie tyd gegun word om jou gedagtes, teleurstellings, verwagtinge en drome van die verlede en toekoms op 'n kreatiewe manier te onthou, te ontdek en te beplan.

Die kursus bestaan uit twee dele:

'n Terugblik op die verlede

Wie was die persone en wat was die situasies in jou verlede wat 'n impak op jou lewe gehad het, wat jou gevorm het of jou koers verander het.

'n Venster op jou Toekoms – aan die hand van die 8 fasette van "The Wheel of Live"

Wat is jou drome, verwagtinge en mikpunte vir die toekoms? Gebruik dit wat jy wys geraak het uit jou verlede om nou in die hede besluite te neem wat jou toekoms positief kan beïnvloed.

"God gee meer om oor wie ons is en wat ons besig is om te word, as wat Hy omgee oor wie ons in die verlede was." – Dale G. Renlund-

Kontak vir Liezl Loubser by versorging@bergsigdv.co.za of skakel die kerkkantoor (021 974106) om te registreer.

9 Februarie – 9:30 Ds. Mizelle Prinsloo
Tema: Bergsig se bedieninge & teikengroepe
Plek: Kerk Kapel

16 Februarie – 9:30 Arno Mattheus
Tema: Kerkplanting en bedieningspunte
Plek: Graanendal grond

23 Februarie – 9:30 Andene van den Berg
Tema: Uitreike
Plek: Kerk kapel

Beads in Bloom

Bead Weaving Classes Pinehurst

Monique Tait 082 920 4528

Beginners to Advanced

1 - 4 people per class

Please contact me if you are interested in classes. I would love to meet you!

SENIORS

Die jaarprogram van 2024 neem aanvang op Donderdag, 29 Februarie.

Tyd: 9:30
Plek: Bergsig Gemeente

Alle seniors is welkom om aan te sluit teen R100 per persoon.

Dit is slegs moontlik om een maal ‘n jaar aan die begin aan te sluit en slegs lede kan die byeenkomste bywoon. Sien julle daar.

Glow Leiers opleiding



Deur 'n lidmaat en Glow Kidz konneksie kon die Attie van Wyk kinders aan die wonderlike "World Wetlands" geleentheid deelneem.

Oppiehoek Basaar 2024

Oppihoek Basaar 2024 gaan vir die eerste keer 'n **FeNoMiNaLe "Basaarboks"-kompetisie"** aanbied.

Daar gaan 'n verskeidenheid pryse in wees waarvoor jy in aanmerking kan kom deur 'n kaartjie (of vyf) te koop. Die wenners gaan op 16 Maart tydens die Oppihoek-Basaar aangekondig word. (Alles van wyn, vleis, geskenkbewyse en vele meer kan gewen word.)

Indien jy of jou besigheid enige prys "GROOT of klein" wil skenk, kontak
Ilse Fritz by 021-9764106 of 0823763236.

KRY JOU KOEVERT OM IN TE SKRYF IN DIE VOORPORTAAL & GOOI DIT IN DIE ROOI POSBUS SODAT JY DALK EEN VAN DIE GELUKKIGE WENNERS KAN WEES.

Vir ons Wit Olifante: Ons wil graag weer 'n **ENORME Wit Olifante tafel** by die basaar aanbied. Hierdie is jou kans om van jou ongewenste kersgeskenke ontslae te raak en
alles wat jy nie die afgelope 5 jaar gebruik het nie.

Ons Oppiehoek Basaar lyste is ook by die kerk, waar jy kan invul en "volunteer" om te help.
Dit is in die voorportaal. Asseblief ons het baie hande en voete nodig voor die tyd en op die dag.

Skakel sommer direk om jou hulp aan te bied of klik hier om direk na die vorm te gaan sodat jy kan sien waar om hulp aan te bied.
KLIK

NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
Facebook: Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
Straatadres: H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551
Kantoor-ure: Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zappet.com

Snap here to pay
SnapScan
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

24 uur nood vir geestelike & emosionele ondersteuning
bergsig911@bergsigdv.co.za
S33 48.966 018 39.728
Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810